Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

8 September 2023 Uitgawe: 8/3/2023

# UIT DIE KANTOOR

Ek was bevoorreg om die afgelope week die hoofdesimposium in Gqeberha te kon bywoon. Dit was uiters leersaam. Of ons dit nou wil weet of nie, onderwys in ons land is steeds ‘n uitdaging as gevolg van verskeie redes. Sake wat aangeraak is, sluit in:

Beurtkrag en beurtwater – hoe gemaak?, skooldissipline en die kwessie van hoe hanteer ek die moderne tiener, nuwe verwikkelinge op die horison in die onderwys na afloop van volgende jaar se Nasionale Verkiesing, Beheerliggaamverkiesings - 2024 en talle personeelgerigte temas. As mens so sit en luister na die sprekers en die uitdagings van skole, besef ek net weer hoe geseënd ons hier by Tjokkies is met entoesiastiese onderwysers, opgevoede kinders, betrokke ouers wat ’n hart vir die skool en sy personeel het, asook die finansiële ondersteuning van die gemeenskap. Tjokkies se personeel en ouers het baie om voor dankbaar te wees.

Dankie dat almal inkoop om Tjokkies steeds ’n opvoedkundige sentrum te maak wat hoë gehalte onderrig en geleenthede vir ons kinders kan skep. Ek dank die Vader daarvoor en ek hoop u doen dieselfde.

**Konsert:**

Ons is besig met die laaste oefeninge van die konsert en dinge begin nou vorm aanneem. Graag bied ek verskoning aan oor die kaartjieverkope wat ons stoutste verwagtinge oortref het. Beplanning vir die konsert is geskoei op die inligting van die vorige konsert en die vinnige uitverkoop van die kaartjies het die skool onkant gevang. Waardevolle insette is van talle rolspelers ontvang en dit sal beslis deel van ons toekomstige beplanning vorm. Ek doen egter ’n beroep op ouers wat kaartjies vir meer as een aand gekoop het om daarvan terug te bring sodat ons dit aan ander ouers kan beskikbaar stel wat nie die geleentheid gaan hê om hul eie kind te sien optree nie. Volle terugbetaling sal gedoen word. (Sien ook d6 van 7 September insake kleedrepetisie, ens.)

Baie dankie vir u bereidwilligheid.

**Sport:**

Die hokkieseisoen is nou amptelik verby. Baie dankie vir elke ouer se geduld en ondersteuning tydens die seisoen. Hokkie bly maar ‘n uitdaging by Tjokkies as gevolg van ons gebrek aan spasie en die groot hoeveelheid deelnemers. Dit was egter ’n baie geslaagde seisoen en ons is dankbaar dat elke speler blootstelling kon kry.

Krieketproewe is vroeg vanjaar gehou om spanne uit te sit. Op Maandag, 11 September word daar egter weer krieketproewe gehou vir die nuwe seisoen wat vroeg in die 4de kwartaal afskop. Hou gerus u krieketgroepe dop. Indien u nie meer op ’n krieketgroep is nie, kontak asb. vir mnr. Kevin Basson of mnr. Ryno Eckard om u op die groepe te plaas. Hul kontaknommers is agter in die tafelkalender beskikbaar.

## ANDER


**Vroeë sluiting**

Ouers moet asb. kennis neem dat die skool op Vrydag, 22 September reeds om 11:00 sal verdaag. Dit is as beloning vir die kinders se harde werk met die konsert. Ek glo ook dat die kinders redelik moeg gaan wees na ’n hele week se konsertoptredes en dat hul die bietjie rus verdien. Die personeel sal egter steeds op diens wees en toesig hou vir die kinders wat normale tyd afgehaal kan word. Die Nasorgsentrum sal ook normaal funksioneer.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 8 Sept.: | Koortoer na Bethlehem |
| | Gr. 7 Kolwyntjieverkope |
| 11 Sept.: | Tennis: Tjokkies 2 vs PBS |
| 12 Sept.: | Finkomvergadering |
| 13 Sept.: | Tennis: Tjokkies 2 vs Grey |
| 15 Sept.: | Konsert kleedrepetisie – slegs leerders (in skooltyd) |

## VERJAARSDAE



10 Sept.: Juf. Leonie Corbett (Gr. 6)

# PUBLIC SPEAKING

Die tonge het behoorlik geklap by OMS se *public speaking*!
Tjokkies het puik presteer.

In die Gr. 4-5 afdeling het Emma Groenewald 'n 3de plek behaal.
In die Gr. 6-7 afdeling was Pieter Viviers 3de en Mia Pienaar 2de.

Ons is baie trots op julle!





# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Bestel 'n ete vir die gesin met die konsertaande op Karri. Bestel betyds en let op die sluitingsdatum van **13 September** sodat julle nie uitmis nie:

**R38 * Hawaiin Hoenderbakkie** (500ml bakkie)
Sagte hoenderborsie blokkies gebraai in witwyn soet chilli marinade met pynappel tot goudbruin en bedien op kruierys met skeutjie volvet yogurt en mayo.

**R30 * Kerrie en Rys** (500ml bakkie)
Biefmaalvleis met spek eers gebraai en dan stadig gekook in ryk kerriesous (nie warm nie) bedien op bed van geelrys en rosyne, met chutney, klapper en piesang.

**R38 * Bief Lasagne** (500ml bakkie)
Tradisionele ryk lasagne met geurige wynsous en roomwitsous stadig gebak tot goudbruin.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Pam Golding wil Tjokkies se swemspan borg. Ons swemspan is – *"highly explosive when water is added".*

Om hierdie borg te kan ontvang, moet ten minste 70 Tjokkie-ouers hul huise gratis laat waardeer!

Gryp die kans aan en bepaal die waarde van u huis en ondersteun so TJOKKIE-SWEMMERS!

Bel sommer dadelik vir Charissa by 063 7773844.

*"No strings attached"*



# SNUFFELS


RE/MAX
RE/MAX First
Koop / Verkoop Eiendom?
TINUS BOSCH
082 924 9544 | tinus@remaxfirst.co.za


Wheel Alignment and Wheel Balancing
for only
R100
Available on Monday, Wednesday and Friday
Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre
Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein
Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za
T's and C's apply
RMI
miwa
AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE


THE Central
STAR
presented by Mimosa Mall
Let your Brilliance
Illuminate the stage.
Entries Open 21 August - 17 September 2023
GRAND PRIZE:
R20 000
Mimosa Mall Shopping Voucher
HOW TO ENTER:
STEP 1
Send a 2 min video of your act.
STEP 2
Send us the following details: Name, Surname, Age, Email Address, Contact Number, and description of your act.
WhatsApp your 2 min video to 066 524 3218.
* No Age Limit. * No Entry Fee. * T's & C's Apply: www.mimosamall.co.za